



Afrikaans 1 (Huistaal) – Graad 6

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	--------------	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d
----	---	--------------	--------------	---

Bestudeer die feite oor hoe gorillas praat en beantwoord vrae 1 – 14.

- 'goeie kommunikeerders', verwys na**
 - wildbewaarders.
 - dolfyne, gorillas en papegaaie.
 - gorillas.
 - naas mense.
- By die Columbusdieretuin in Ohio, Amerika, brom die gorilla, want hy**
 - sê: "Wel gedaan! Jy het dit reggekry!"
 - reageer op skielike bewegings.
 - is bang.
 - groet.
- Vertaal die volgende in goeie Afrikaans: 'Hallo!'**
 - Haail!
 - Goeiedag!
 - Hoesit, hoesit!
 - Lekker man!
- 'n Sinoniem vir 'vriend', is**
 - maat. (b) dier.
 - vriendin. (d) pëlle.
- Wat word bedoel met 'dat gorillas die mees gevorderde kommunikeerders naas mense is?'**
 - Gorillas kan net so goed soos mense kommunikeer.
 - Slegs mense kan beter as gorillas kommunikeer.
 - Gorillas kan beter as mense kommunikeer.
 - Gorillas sal nooit werklik kan kommunikeer nie.



KAN GORILLAS PRAAT?

Daar is wildbewaarders wat dink dat gorillas goeie kommunikeerders is. By die Columbusdieretuin in Ohio, Amerika, hoor mens Mac soos 'n mens brom wanneer jy in of uit die gorillahok beweeg. Die dieretuinpersoneel sê dat die brommery die gorilla se manier is om hallo en totsiens te sê. Dit is ook bekend dat gorillas bewegings en lyfreuke gebruik om 'n boodskap oor te dra. Verder word daar beweer dat gorillas die mees gevorderde kommunikeerders naas mense is.

Die storie van *Fasha* wat in die natuur vrygelaat is, wys ons dat gorillas mekaar kan aanmoedig. *Fasha* het 'n seer voet gehad en omdat sy nie kon sien soos die res van die trop gorillas kon beweeg nie, het haar vriend haar arm by *Fasha* ingehaak en haar voet klip tot klip aangehelp. Haar vriend het ook aan die einde vir *Fasha* 'n drukkie gegee, so asof sy wou sê: "Wel gedaan! Jy het dit reggekry!" Dis 'n voorbeeld van gorillavriendskap.

Hulle kan ook om hulp skree. Kelly Stewart skryf artikels vir 'n gewilde tydskrif. Sy was besig om gorillas in 'n die besige dop te hou toe 'n gorilla vreeslik begin skree toe sy vir Kelly sien.



Sy het 'n T-hemp met 'n foto van 'n gorilla daarop aangehad en die gorilla het geskrik vir die foto van 'n gorilla wat sy nie geken het nie. Die geskree was 'n manier om vir hulp te roep.

- Die meervoud vir 'T-hemp', is**
 - T-hempie. (b) T-hempe.
 - T-hempe. (d) T-hemde.
- Voorbeelde van 'lyfreuke', is**
 - dieregeluide.
 - lyfsproei.
 - 'n sterk, natuurlike reuk wat die liggaam vrystel.
 - diereparfuum.
- Dat die woord 'gorillavriendskap' nuut gevorm is, beteken**
 - dit is die korrekte woord vir 20ste-eeuse dierevriendskappe.
 - dis 'n nuwe soort vriendskap wat moderne vriendskappe beskryf.
 - 'n ou naam wat nou weer nuut in gebruik is.
 - 'n nuwe selfstandige naamwoord is gevorm wat gorillas se vriendskap beskryf.
- Fasha* is van klip tot klip deur haar vriend aangehelp, omdat**
 - sy beseer was en gorillas menslike eienskappe soos hulp wys.
 - die vriend 'n mens was.
 - Fasha* andersins uitgesit sou word.
 - sy 'n dier is.
- 'n Antoniem vir 'bekend', is**
 - verwardheid. (b) bekende. (c) onbekend. (d) wêreldbekend.



11. Wat noem ons 'n persoon wat artikels vir 'n koerant skryf?

- (a) joernalis
- (b) omgewingsingenieur
- (c) narkotiseur
- (d) wildbewaarder



12. Dat die gorilla geskree het toe sy vir Kelly Stewart sien, wys dat sy

- (a) vir Kelly groet.
- (b) veilig gevoel het.
- (c) onveilig gevoel het.
- (d) aanmoediging wys.

13. Die antoniem vir 'gewilde', is

- (a) welbekende.
- (b) verlore.
- (c) bekende.
- (d) afstootlike.

14. Mac is 'n

- (a) vrou wat gorillas bestudeer.
- (b) wildbewaarder.
- (c) gorilla in Amerika.
- (d) helper wat *Fasha* gehelp het.



Bestudeer die artikel oor hoe slim gorillas is en beantwoord vrae 15 – 31.

Gorillas is somer baie slim.

Nia, 'n gorilla, het somer baie gou geleer. Daar was 'n plastiekkoppie in haar hok. Wildbewaarders wou dit by haar wegvat om dit vir 'n ander speelding te ruil. Omdat sy dit nie wou weggee nie, het hulle dit vir 'n lekkerny geruil. Die probleem was dat *Nia* van daardie oomblik af plastiekkoppies gehou het en dit in kleiner stukkie gebreek het, sodat sy dit stukkie vir stukkie vir 'n lekkerny kon ruil. Hoe slim is dit?

In die Kongo is daar 'n gorilla wat die leier van 'n groep gorillas is. Sy naam is *Kighoma*. Hy maak 'n 'na-oom-geluid', wat diep uit sy keel uit kom. Dié geluid beteken: 'Ek is hier.' Wanneer hy ver van sy trop is, sê hy: "na-oom", sodat die ander hom kan hoor en kan volg. Dit is net nog 'n manier om te wys hoe slim gorillas is.

Daar is al baie studies oor gorillas gedoen. Gorillas wat 'n rivier wou oorsteek, het wetenskaplikes verbaas. Die leier het 'n stok gebruik om eers die diepte van die water te bepaal om te sien of hulle die rivier veilig kan oorsteek. In 'n ander geval het 'n wyfie-gorilla bamboes as 'n leer vir haar behatjies gebruik sodat hulle daarmee kon opklim. Daar is onlangs opgemerk dat gorillas stokke gebruik om miere te eet.

Deur dit te doen, word hulle nie gestek of gebyt terwyl hulle die miere uit hul nes probeer kry nie. Onveiligheid en chaos is 'n gevolg n.v.t. op gorillas nie.

15. "n Stok is deur die leier gebruik om die diepte te bepaal", is in watter taalvorm geskryf?

- (a) Lydende vorm.
- (b) Direkte Rede.
- (c) Indirekte Rede.
- (d) Bedrywende vorm.

16. Watter leesteken word in 'Hoe slim is dit?' gebruik?

- (a) Koppelteken.
- (b) Uitroepteken.
- (c) Vraagteken.
- (d) Punt.

17. Die verkleinwoord vir 'hok', is

- (a) hokkie.
- (b) hoekie.
- (c) hokke.
- (d) hokkietjie.

18. Die korrekte trappe van vergelyking vir 'ver', is

- (a) ver – meer ver – mees ver
- (b) ver – verter – verste
- (c) ver – verder – die verste
- (d) ver – verderder – verderste

19. Wat is die korrekte ontkennde vorm vir:

Dit is net nog 'n manier om te wys hoe slim gorillas is'

- (a) Nee, dit is net nog nie 'n manier om te wys hoe slim gorillas is nie.
- (b) Nee, dit is net nie nog 'n manier om te wys hoe slim gorillas is nie.
- (c) Nee, dit is net nie meer 'n manier om te wys hoe slim gorillas is.
- (d) Nee, dit is nie net nog 'n manier om te wys hoe slim gorillas is nie.

20. Die meervoud vir 'keel', is

- (a) keeltjie.
- (b) keele.
- (c) keels.
- (d) kele.

21. Watter sin se verbinding is korrek in die onderstaande sinne weergegee?

(wie/wat) 'Die wetenskaplike het gorillas by 'n rivier bestudeer. Sy was verbaas.'

- (a) Die wetenskaplike wie gorillas by 'n rivier bestudeer het, was verbaas.
- (b) Die wetenskaplike wie het gorillas by 'n rivier bestudeer, was verbaas.
- (c) Die wetenskaplike wat gorillas by 'n rivier bestudeer het, was verbaas.
- (d) Die wetenskaplike wat het gorillas by 'n rivier bestudeer, was verbaas.



22. In die onderstaande sinne word 'hoef' gebruik. Watter een is foutief?

- (a) Die gorilla hoef nie die rivier blindelings oor te steek nie.
- (b) Die gorilla se baba hoef nie te sukkel nie.
- (c) Die gorilla hoef nie te verdrink nie.
- (d) Die gorilla hoef deur miere gebyt te word.

23. Die meervoud van 'speelding', is

- (a) speeldinge.
- (b) speeldingetjies.
- (c) speelgoed.
- (d) speelgoedjies

24. Die afkorting, n.v.t. beteken

- (a) nie vir tentoonstelling.
- (b) nie vir toenadering.
- (c) nooit van toepassing.
- (d) nie van toepassing.

